

Die wyse waarop Christus ons verlos maak dat ons God weer as Skepper een en dank

ds. PJ Kriel

28.05.2017

Inhoud Hierdie preek wys dat Christene weer God as Skepper kan herken en erken in sy skeppingswerk deur die wyse waarop God hulle vergewe. Die wyse waarop God ons vergewe is ook die wyse waarop Hy Skepper van sy skepping is: uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge. Daarom kan nie een deel van God se skeppingswerk ons in 'n geloofskrisis bring oor God en ons verlossing nie. Die gewaande geloofskrisis wat kennis van God se handewerk vir die kerk sou skep word deur die ongeloof van mense veroorsaak. Ongeloof in die tipe ingesteldheid dat God gee vir jou wat jy wil hê wanneer jy vir Hom gee wat Hy wil hê. Hierdie tipe afgod en afgodsdien word vernietig deur elke stukkie kennis van hoe God Skepper is en hoe sy skeppingswerk is. Elke deel van God se skeppingswerk getuig teen so valse godsbeeld en godserving. Goddeloses onteer God deur sy skeppingswerk tot selfaangedrewe godlose krag te maak wat hulle met die skyn van wetenskaplikheid oor die skepping “die natuur” noem. Met hierdie selfopgemaakte natuurkrag wil hulle die kerk belaglik maak deur die skeppingswerk van God. Die kerk leef nie in konflik met die skeppingswerk van God nie. Die kerk erken en herken God as Skepper in elke nuwe stukkie kennis oor sy skepping.

Liturgie 1. Lied 196: 1 – 4; Evangelie lesing Rom. 5. 2; Lied 203 verse 1 en 3; wetslesing Rom. 13; 3. 200 verse 2, 3.4; 192 verse 1-3;

Skriflesing Romeine 1: 18 – 23; Romeine 3: 23 – 28; Romeine 11: 33 – 36.
Inleidende opmerking voor skriflesing:

Teks Romeine 11: 36 Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlijkheid tot in ewigheid.

Tema: Die wyse waarop Christus ons verlos maak dat ons God weer as Skepper eer en dank.

Inleiding.

Die vreemdste ding is deesdae besig om te gebeur met die kennis van die handewerk van God, die kennis van God se skeppingswerk. Kennis van hoe God alles gemaak het, word aan die kerk voorgehou as bedreiging vir die kerk se geloof in God. Elke keer as ons iets nuuts oor God se skepping ontdek, oor hoe Hy dit gemaak het en laat werk, dan moet dit nou vir ons 'n krisis vir ons geloof in God op een of ander manier wees.

Ons kry glad nie so probleem in die Bybel nie, dat die kennis van die Here se handewerk, sy skepping, 'n geloofskrisis in God veroorsaak nie. Dit is juis die teendeel. Die kennis van die omvang, die diepte, die grootsheid van die skepping bevestig elke keer gelowiges se vertrou in God as hulle Here.

Die wyse waarop Christus ons verlos maak dat ons God weer as Skepper een en dank

So wat veroorsaak hierdie Bybelvreemde situasie dat mense met kennis oor God se skepping voel hulle moet die kerk daarmee in 'n geloofskrisis dompel of dat mense in die kerk met nuwe kennis oor die skepping in 'n werklike geloofskrisis met God self kom?

Kom ons kyk na wat wys die Skrif ons waarom gaan hierdie gewaande krisisse oor God en God se handewerk, sy skepping.

1. Die Vader, Jesus Christus sy eniggebore Seun en die Heilige Gees is Skepper en Here van alle dinge. Dit is die eer en lof wat Paulus in hierdie loflied van verse in Romeine 11 verse 33 tot 36 aan God bring met hierdie erkenning: uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge.

Alle dinge! Alles wat bestaan! Alles wat is! Alles wat was en alles wat kom! Daarom dra Christus ook die titel in Openbaring van Hy wat is en wat was en wat kom. (Open. 1: 4, 5)

Van alles wat is, wat was en wat kom, is God die Vader die oorsprong, dit is uit Hom; Van alles wat is, wat was en wat kom, is Christus die raadsplan en wysheid van hoe dit tot stand gekom het en hoe dit bestaan, dit is deur Hom die Seun en van alles wat is, wat was en wat kom, is die Heilige Gees die Persoon deur wie se kragtige werking alles aan God behoort, dit is alles tot Hom en vir sy heerlikheid as God bestem.

Alles wat bestaan, elke planeet, elke son, elke sonnestelsel, alle melkweë, alle galaksies en elke uitspansel wat bestaan, se oorsprong is gevorm uit die skeppingsbesluit van God. Alles het Hy uit niks geskep nie. Dit beste wetenskaplike teorie wat ons vandag het oor die ontstaan van die heelal is die sogenaamde oerknal. 'n Oerknal waaruit alles wat is hulle oorsprong het. Uit hierdie werk van God, die oerknal is dit vandag duidelik dat Hy alles uit niks gemaak het nie. Dit is alles deur God, deur die raadsplan en wysheid van Jesus Christus as Seun van God is alles ontwerp en besig om volgens sy wysheid te werk en deur die kragtige werking van die Heilige Gees behoort elke uitspansel aan God en is dit bestem om te wees wat God dit sal laat wees.

Uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge!

Elke deel van die heelal, van elke vorm van energie tot elke stukkie vaste stof, van gasse tot die swaarste metale, is uit God, die Vader deur God die Seun en behoort aan God deur die kragtige werking van die Heilige Gees.

Elke atoom, elke molekule, elke plantseel en diersel, elke lewende wese!

Die wyse waarop Christus ons verlos maak dat ons God weer as Skepper een en dank

2. Paulus eer God nie net vir die feit dat Hy die Skepper is nie, maar ook vir die wyse waarop Hy Skepper is. God is in die wyse waarop Hy God en Here is oor alles wat bestaan:

- Onpeilbaar vir die mens in die rykdom, die wysheid en kennis waardeur Hy God is.
- Ondeurgrondelik vir die mens in die wyse waarop Hy as God sy besluit as God neem.
- Onnaspeurbaar vir die mens in die die wyse waarop alles volgens sy bedoeling bestuur.

Paulus stel die posisie waarin die mens as skepsel teenoor God as sy Skepper met sy menslike verstand, sy menslike aanvoelinge en menslike gees staan met drie vrae aan die orde:

- Watter mens ken die bedoeling van God met die rykdom, wysheid en kennis waarmee Hy God vir sy skepping is?
- Watter mens kan God raad gee oor die besluite wat God oor sy skepping neem?
- Watter mens doen iets onafhanklik en selfstandig wat nie deel is van die wyse waarop God self alles volgens sy eie bedoeling bestuur nie?

Hierdie is retoriese vrae wat net een antwoord het, daar is geen so mens nie en daar sal nooit so 'n tipe mens wees nie –

- Nie 'n briljante intellektueel nie,
- nie 'n mistieke gevoelvolle mens met diep aandoeninge nie en
- geen geestelike mens met geestelike ervarings of belewenisse nie.

Niemand kan God anders maak as die wyse waarop Hy Skepper en Here van sy skepping is nie: onpeilbaar vir mense, ondeurgrondelik vir mense en onnaspeurlik vir mense.

3. Die besondere van hierdie loflied van Paulus is dat hy as kind van God en gelowige aan God die eer, lof en dank gee dat dit is hoe God is: God uit Homself, God deur Homself en God vir Homself, onpeilbaar, ondeurgrondelik en onnaspeurlik.

Hoekom is dit so uitsonderlik dat Paulus as gelowige hierdie eer en dank op hierdie wyse aan die Here bring?

Die wyse waarop Christus ons verlos maak dat ons God weer as Skepper een en dank

Want dit staan direk in teenstelling met elke mens, mistikes, geestelikes en intellektueles se natuurlik ingesteldheid teenoor God! Hoe elke mens wat nie met Christus verenig is nie teenoor God ingesteld is beskryf Paulus in Romeine 1 verse 18 tot 23.

Paulus se loflied in Romeine 11 is presies die teenoorgestelde ingesteldheid teenoor God as mense se natuurlike ingesteldheid teenoor God wat in Romeine 1 verse 18 – 23 beskryf word. In die loflied van Romeine 11 gee Paulus aan God die eer en dank dat Hy uit Homself God is soos Hy God is, deur Homself God is soos Hy God is en vir Homself God is soos Hy God is. Die natuurlike ingesteld van elke ongelowige mens is om aan God nie hierdie eer en dank te gee nie: “Vir hierdie mense is daar dus geen verontskuldiging nie,²¹ omdat, al weet hulle van God, hulle Hom nie as God eer en dank nie.” (Rom. 1)

Kan u die direkte kontras raaksien?

Christene bring aan God as Skepper en Here die eer en dank dat Hy

- uit Homself God is soos Hy God is,
- deur Homself God is soos Hy God is en
- tot Homself God is soos Hy God is en Hy is dit op so 'n wyse dat ons as mens aan Hom die eer en dank bring terwyl Hy juis vir ons as God

- onpeilbaar is in die rykdom, wysheid en kennis waardeur Hy God is,
- ondeurgrondelik is as God in sy besluite waardeur hy alles beskik
- onnaspeurlik is die wyse waarop Hy alles as God bestuur.

Hulle wat nie in Jesus Christus glo nie, kan nie hierdie eer en dank aan God as Skepper en Here bring nie. Hulle kan nie want hulle wil nie. Hulle wil nie hierdie eer en dank aan God as Skepper en Here bring nie.

4. Die grootse fout wat ons kan maak met die Here en sy skepping is dat ons as Christene kan voel en dink dat ons so spesiaal is dat God net aan ons openbaar dat Hy God is. So asof dit net Christene is wat hierdie kennis van God het dat Hy God is uit Homself, deur Homself en vir Homself, onpeilbaar, ondeurgrondelik en onnaspeurlik!

Dit is presies net hoe dit nie is nie!

Kyk gerus wat stel Paulus oor God se skepping en hoe God Homself deur sy skepping aan elke mens bekend maak, vanaf die begin van mense se bestaan tot en met vandag met elke kultuur, volk en nasie. Van China tot en met Amerika, van Suid Afrika tot en met Sede en Noorweë, nog altyd.

Die wyse waarop Christus ons verlos maak dat ons God weer as Skepper een en dank

¹⁹ Wat 'n mens van God kan weet, was immers binne hulle bereik, want God het dit binne hulle bereik gebring. ²⁰ Van die skepping van die wêreld af kan 'n mens uit die werke van God duidelik aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is, hoewel dit dinge is wat die mens nie met die oog kan sien nie. Vir hierdie mense is daar dus geen verontskuldiging nie, ²¹ omdat, al weet hulle van God, hulle Hom nie as God eer en dank nie.”

Die wyse waarop die Here alles gemaak en en hoe Hy besig is met sy skepping elke dag, wys hoe God God is uit Homself, deur Homself en vir Homself, onpeilbaar, ondeurgrondelik en onnaspeurlik. Nog altyd vir alle mense!

Jy hoef nie 'n briljante intellektueel te wees met uitnemende wetenskaplike kennis om dit in God se handwerk raak te dien nie – Hy is waarlik God en sy krag is ewigdurend. So asof hierdie kennis net beskore is vir 'n paar intellektueles!

Jy hoef ook nie een of ander mistikus met spesiale mistiese aanvoelinge te wees wat net eenkant by 'n rivier, of alleen in 'n bos of iewers op 'n bergtop te wees voor jy hierdie kennis van God uit sy handwerk, sy skepping kan kry, – Hy is waarlik god en sy krag is ewigdurend nie.

Nog minder hoef jy 'n ekstatiese geestelik te wees wat die kuns bemeester het om godservaring en godsbelewensse te kan hê, voor jy in God se skepping kan raaksien dat Hy waarlik God is en dat sy krag ewigdurend is nie.

Elke mens, nog altyd, orals – kon uit God se skepping, sy handwerk Hom ken as god – uit Homself, deur Homself en vir Homself!

5. Die probleem is nie dat mense nie hierdie kennis van God uit sy skepping kan kry nie. Die probleem is dit wat hulle maak wanneer God in en deur sy handwerk, sy skepping vir hulle wys wie Hy is en hoe Hy God is.

Hulle ontnem Hom die eer wat hulle weet Hom toekom en hulle weerhou van God die dank wat hulle sien Hom toekom! Hulle weier om Hom te eer en te dank vir die wyse waarop Hy God is!

Dit is wat mistici, geestelikes en intellektueles met die kennis van God uit sy skepping doen.

Vers 23 in hoofstuk een beskryf vir ons hoe hulle God sy dank en eer roof! “In die plek van heerlikheid van die onverganklike God stel hulle beelde wat lyk soos 'n verganklike mens of soos voëls of soos slange.”

Die mens se natuurlike ingesteldheid teenoor God is om God se eer en dank te roof met beelde wat die mens oor God maak in die plek van die kennis van God wat Hy

Die wyse waarop Christus ons verlos maak dat ons God weer as Skepper een en dank

hulle gee oor Hom deur sy skepping! Dit is die hart van alle afgodsdienste!
Afgodsdienst is nie iets wat die mens doen omdat God so moeilik kenbaar is nie.

Elke deel van God se skepping het nog altyd getuig dat God God is, dat sy krag ewigdurend is, dat Hy as God wat sy skepping maak en bestuur onverganklik is en dat Hy God is uit, deur en vir Homself, onpeilbaar, ondeurgrondelik en onnaspeurlik!

Mense maak nie van God hul eie beelde omdat hulle nie weet wie God is nie. Hulle maak beelde van God omdat hulle nie wil weet wie God is nie.

6. Paulus self het voor hy tot geloof in Christus gekom het, nie aan God die eer en dank gegee vir wie Hy as Skepper en Here is nie. Volgens Paulus self was hy deel van die afgodsdienst wat hy in Romeine 1 beskryf – ook as Jood! Vergelyk dit maar met sy opmerking in Rom. 2 vers 9 en 10 en Paulus se vooraf verduideliking van hierdie stellings.

Die kern van alle afgodsdienste, ook die Joodse afgodsdienst, beskryf Paulus in Romeine 11 vers 35 met 'n vraag “Wie bewys aan Hom 'n guns, sodat Hy verplig is om iets terug te doen?”

Alle beelde van God, intellektuele beelde, mistiese gevoelsbeelde en goddelike geestesbeelde, het net een doel: om met God so 'n tipe verhouding te skep: God gee vir my wat ek begeer omdat ek vir God gee wat Hy begeer! Ek bewys aan God gunste en dan bewys Hy weer aan my gunste! Dit is presies wat ook sonder tasbare uitbeeldings van God in die Joodse kultus gebeur: gee vir God gehoorsaamheid en Hy sal vir jou gee wat jy nodig het.

Hierdie God wat só werk: “wanneer jy vir Hom gee wat Hy begeer sal Hy vir jou gee wat jy begeer”, is nie 'n onpeilbare God nie. Daar is geen diepte in die rykdom en wysheid en kennis van hierdie tipe God nie. Hy is heeltemal peilbaar! Hy soek krag, mag, eer, lof en dank en wanneer jy dit vir Hom gee dan sal Hy jou gee wat jy wil hê!

Hoe ondeurgrondelik is hierdie God se besluite? Wanneer jy Hom liefde gehoorsaamheid, gawes, geestelike inlewings en tyd gee, dan besluit Hy soos jy graag wil hê Hy moet besluit? Hy is presies leesbaar!

Hoe onnaspeurlik is hierdie god? Hy wil graag met jou 'n verhouding hê, Hy wil graag sy mag uitbrei, Hy soek liefde, Hy wil Hom self graag in jou uitlewe en jy moet dit vir Hom gee deur jou liefde, gehoorsaamheid, godservarings en toewyding? Hierdie god is so voorspelbaar soos die weer!

Die wyse waarop God van die eer en dank as God geroof word tot 'n peilbare, voorspelbare en beheerbare god is met hierdie ingesteldheid: gee vir hierdie god wat

Die wyse waarop Christus ons verlos maak dat ons God weer as Skepper een en dank

hy wil hê en nodig het en dan sal hy vir jou gee wat jy wil hê, van die hemel tot goddelike ervarings.

6. Die diepste ontkenning van alles wat van God as Skepper in sy skepping duidelik kenbaar is, is die plek wat aan mense, diere, voëls en slange toegeken word in afgodsdienste.

Paulus bring aan God die eer en dank dat Hy

- uit Homself God is soos Hy God is,
- deur Homself God is soos Hy God is en
- tot Homself God is soos Hy God is en Hy is dit op so 'n wyse dat ons as mense aan Hom die eer en dank bring terwyl Hy juis vir ons as God

In Romeine 1 gebeur iets anders!

God is nie God uit Homself, deur Homself en vir Homself nie. Hy moet nou op 'n heel ander manier God wees. Hy moet God wees uit mense, deur mense en vir mense; Hy moet God wees uit en deur en tot slange, voëls en diere!

Hy kan in hierdie afgodsdienste nie meer God wees uit Homself, deur Homself en vir Homself nie. Alles wat Hy as God self is, moet Hy nou deur sy skepping wees.

Dit is die werklike onttering van God wat in hierdie ingesteldheid plaasvind dat God vir jou gee wat jy wil hê wanneer jy vir God gee wat Hy wil hê Hy kan nog net God wees deur mense! Hy kan nog net die God wanneer mense Hom in hulle lewe innooi, in hulle lewe toelaat, deel maak van hulle lewe, die middelpunt van hulle lewe maak en God toelaat om sy lewe deur hulle te lewe.

Op hierdie wyse is God God uit die mens se lewe, deur die mens se lewe en tot die mens se lewe!

7. Dit klink vir ons snaaks dat hier gestel word dat mense van God beelde maak van slange, dit is reptiele, voëls of diere. In ons taal sal dit so klink! God kan niks anders wees as die natuur en natuurkragte nie. God is nie God uit Homself, deur Homself en tot Homself nie.

In hierdie afgodsdienste word die skepping nie meer erken as die handewerk van God nie. Die erkenning van die skepping as die handewerk van God word ontken met 'n nuwe godlose instelling – die natuur. Alles wat God openbaar as sy skepping word in hierdie goddeloosheid naas en teenoor God verhef as 'n goddelose bedryf wat van self werk soos dit werk sonder God – die natuur.

Die wyse waarop Christus ons verlos maak dat ons God weer as Skepper een en dank

In hierdie selfaangedrewe natuur kan God nog net God wees deur God die natuur en natuurkragte. Hy kan nie buite en sonder die natuur en natuurkragte God wees nie. Die natuur werk soos die natuur werk en God kan net god wees uit die natuur en natuurkragte, deur die natuur en natuurkragte en tot die natuur en natuurkragte.

Die eer en dank wat mense in hulle harte moet gee vir Hom wat hulle in sy skeppingswerk ken as God soos God God is, word nou die eer en dank aan die natuur en natuurkragte.

Hoekom?

Want net soos alle afgode kan mense nou met God se skepping maak soos hy met afgode maak: omdat ek deel kan wees van die skepping, God se skepping kan kan ken en gebruik, daarom is alles vir my en my menslikheid in die skepping,

peilbaar,
deurgrondelik
en naspeurbaar.

Niks van die skepping kan my meer so aanspreek nie: onpeilbaar, ondeurgrondelik en onnaspeurbaar! Net soos ek God sien so sien ek elke deel van sy handewerk vir my – presies kenbaar, deurgrondbaar en naspeurbaar – net omdat ek dit so kan ken dat ek dit kan gebruik!

So word die handewerk van God in hierdie goddeloosheid onteer en die dank daarvoor geroof.

Dit is die werklike probleem met die kennis van God se skepping. Geestelikes se god wat vir jou gee wat jy wil hê wanneer jy vir hom gee wat hy wil hê is nie die Skepper nie. Net so met die god van intellektueles en mistici, die god wat niks anders is en kan wees as die natuur en natuurkragte nie.

Hulle geestelike, mistiese, intellektuele god en hul godlose natuur is al twee ingesteldhede van die mens se 'n verwronge houding dat al weet hulle wie God is uit sy skepping en sy handewerk, sal hulle nie aan Hom die eer en dank gee vir die wyse waarop Hy werklik God is nie.

8. Hoe het Paulus deur hierdie selfgenoegsame geestelikheid gebreek waarin Hy God geken het as die God wat hy presies geweet het hoe Hy God is en wie Hy as God is?

Hoe het Paulus uit hierdie ontering van om van God 'n peilbare, beheerbare en verstaanbare god te maak in sy Joodse geestelikheid, nes die goddeloosheid van

Die wyse waarop Christus ons verlos maak dat ons God weer as Skepper een en dank

die heidene, gebreek om God te eer en dank as God wat uit, deur en vir Homself God is soos Hy God is?

Dit het nie deur die Griekse filosofie of Griekse mitiese gode gebeur nie. Dit het ook nie gebeur deur Paulus se kennis van die skepping nie. Dit het hy in elk geval gehad. Dit was net so binne sy bereik soos vir elke ander mense, maar dit het hom nie uit die geesteshouding van afgodsdienste geruk nie: ek gee vir god en dan moet hy weer vir my gee!

Dit het gebeur in die wyse waarop Jesus Christus Paulus verlos het!
Dit kondig hy in Romeine 3 so aan: “Ons is tog immers daarvan oortuig dat ’n mens geregtig word deur die geloof, en nie deur die werke van gehoorsaamheid nie.”
(Rom. 3: 28 NAV)

Hierdie verlossing is alleen deur God. Net God sluit hom in Christus as mens in en verenig hom met wie Christus as mens in die hemel is. Op hierdie wyse maak God Paulus wie God hom wil hê en nie wie Paulus begeer hy en sy god moet wees nie. God self maak Paulus heilig en regverdig in en deur Jesus Christus. Heilig en regverdig, uit God deur God en tot God!

Hierdie verlossing laat Paulus God ken soos God werklik God is en daarom glo Hy weer in God soos God God is: uit God is alles, deur God is alles en tot God is alles. Deur in hierdie verlossing te glo, skep God weer die eer en dank in sy hart vir wie Hy as God is soos Hy God is. Deur hierdie verlossing breek God Paulus uit hierdie geloof en sienswyse van God – ek gee vir Hom wat Hy wil hê en dan gee Hy my wat ek wil hê.

9. Die werklike probleem wat God se skepping binne in die kerk vir mense veroorsaak, gaan oor hierdie twee maniere van verlossing: die geestelikes, mistici en intellektueles se eie manier van verlossing maak dat mense God presies kan peil, deurgrond en kan verstaan omdat hulle presei weet hoe God werk: Hy gee wanneer jy gee! Hulle kan op hierdie manier alles oor God peil, deurgrond en verstaan.

Gelowiges ken God se verlossing as die onpeilbare, ondeurgrondelike en onnaspeurbare goedheid waarin God met ons doen wat ons nie kan peil en verstaan nie: Hy verenig ons met wie Hy as mens in ons plek is. Hy laat ons regverdig en heilig wees teen alle rede en begeertes in sodat ons uit Hom, deur Hom en tot Hom sy kinders is.

Met hierdie geloof in wie Hy is en hoe Hy vir ons God is, staan ons voor Hom en sy handewerk met hierdie eer en dank in ons harte:

Die wyse waarop Christus ons verlos maak dat ons God weer as Skepper een en dank

Uit Hom, deur Hom en tot in alles in die skepping! Onpeilbaar, ondeurgrondelik en onnaspeurlik! Dit is die eer en dank in ons vir Hom as God en sy werke!

Hy is die Skepper en Here van alles wat is en wat was en wat kom. Dit is ons troos, nie ons bedreiging nie. Hy en sy handewerk bring ons elke keer in die geloofsverwondering oor die onpeilbaarheid, die ondeurgrondelikheid en onnaspeurlikheid van Hom en sy handewerk.

10. Hoekom is elke nuwe ontdekking van die handewerk van die Here vir mense 'n sogenaamde geesteskrisis?

Hoekom is dit vir mense 'n geesteskrisis wanneer ons ontdek dat die aarde biljoene jare oud is en oor biljoene jare tot stand gekom het?

Hoekom word daar gemaak asof dit vir ons 'n geloofskrisis moet wees oor God wanneer ons elke keer met elke nuwe kragtiger teleskoop die onpeilbaarheid en diepte van die heelal ontdek?

Hoekom moet daar met elke ontdekking van 'n nuwe oerdier se skelet wat wys dat die verlede van die aarde totaal anders was as die een waarin ons nou leef, nou skielik bewys dat ons eer en dank aan God is fundamentalisties en onwetenskaplik?

Hoe kan die wees dat ons die wyse waarop God lewe gemaak en ontwikkel het met al die diversiteit van lewe, van eenvoudige eensellige organismes tot die mens as die kroon van God se skepping, 'n bewys word dat God nie Skepper is nie of dat omdat Hy Skepper is, Hy lewe nie kon ontwikkel van eensellige organismes tot die mens nie?

11. Dit is die eerste ontdekking wat ons uit die Skrif moet maak.

Hierdie sogenaamde geesteskrisis is nie 'n binnekerklike saak binne die geloof van die kerk nie. Dit is 'n selfgeskepte krisis vir mense wat nie in God glo nie.

Godlose geestelikes en mistici wat nie in God glo nie, maar met god in 'n verhouding wil staan waar Hy hulle begeertes waarmee omdat hulle sy begeertes waarmaak. Hulle krisis met die kennis van God se skepping, is omdat hulle god, hulle here en die Jesus wat hulle vir hulle self verbeel, niks anders as 'n afgod is nie.

Dit is die selfgemaakte krisis van goddelose intellektueles. Met die skyn van wetenskaplikheid gee hulle die eer en dank wat God toekom, aan slange, voëls en diere so asof hulle eie "natuurkrag" hulle maak wat hulle is. Binne hulle ontering van die skepping tot die godlose krag wat hulle sommer so self "die natuur" gemaak het omdat hulle nie die skepping as skepping wil erken nie, sien hulle elke stukkie "natuurkennis" as 'n bewys dat die god van die geestelikes nie bestaan nie.

Die wyse waarop Christus ons verlos maak dat ons God weer as Skepper een en dank

Hierdie is vir die kerk 'n valse krisis na beide kante toe!

Dit is die gestryery tussen geestelikes wat van God 'n afgod maak en intellektueles wat van God se handewerk 'n afgod maak.

12. Ons as kerk van die Here het Hom in sy verlossing leer ken as die Here en Skepper uit wie, deur wie en tot wie alle dinge is, alles wat was en wat is en wat kom.

Want dit is hoe Hy ons verlos het. Hy het ons geregverdig en geheilig as sy kinders uit Homself, deur Homself en tot Homself – totaal anders as die afgod wat vir jou gee as jy vir hom gee.

Daarom het ons in ons harte vir God en sy handewerk hierdie eer en dank! Hy is werklik God uit Homself, deur Homself en tot Homself:

- Onpeilbaar vir die mens in die rykdom, die wysheid en kennis waardeur Hy God is.
- Ondeurgrondelik vir die mens in die wyse waarop Hy as God sy besluit as God neem.
- Onnaspeurbaar vir die mens in die die wyse waarop alles volgens sy bedoeling bestuur.

Elke deel van sy skepping bevestig en verseker ons van wie Hy as Skepper is en hoe Hy Skepper is. Niks in God se handewerk kan ons in vertwyfeling bring oor wie Hy is nie. Inteendeel, elke nuwe ontdekking van hoe Hy Skepper is en hoe Hy sy skepping laat werk, laat net weer hierdie eerbied en dank in ons ervaar:

- Onpeilbaar vir die mens in die rykdom, die wysheid en kennis waardeur Hy God is.
- Ondeurgrondelik vir die mens in die wyse waarop Hy as God sy besluit as God neem.
- Onnaspeurbaar vir die mens in die die wyse waarop alles volgens sy bedoeling bestuur.

Hy is Skepper op dieselfde wyse waarop Hy my geregverdig en geheilig het. Ons kan en mag nie in hierdie binne geveg verlore raak van hulle wat met hulle selfgemaakte geestelike en intellektuele godsbeelde besig is nie.

Die wyse waarop Christus ons verlos maak dat ons God weer as Skepper een en dank